Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Patricia van Niekerk**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Patricia.VanNiekerk@westerncape.gov.za | 021 467 2171

Lêerno.: 27/12
Verwysing: 20240902-6420

Inrigtingsontwikkeling-en-koördineringsminuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

**Onderwerp: Bekendstelling van 'n antwoordstrokie wat dien as bewys dat aansoeke in drukstukformaat ontvang is**

1. Hiermee stel die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) 'n antwoordstrokie bekend wat die algemene publiek sal ontvang as 'n bewys dat aansoeke in drukstukformaat by 'n skool, distrik of by Hoofkantoor ingedien is. Die antwoordstrokie is by hierdie minuut aangeheg.

2. Administratiewe/toelatingspersoneel by skole, distrikte en Hoofkantoor word hiermee versoek om seker te maak dat elke ouer/voog/versorger wat 'n aansoekvorm vir vaslegging inhandig, hierdie antwoordstrokie ontvang.

3. Die amptenaar of administratiewe klerk wat die aansoekvorm ingeneem het se naam en van moet op hierdie antwoordstrokie aangebring word.

4. Die antwoordstrokie moet gestempel en gedateer word met óf die skool/distrik/WKOD se stempel.

5. Alle navrae betreffende toelatings kan gerig word aan die Hoof: Inrigtingsbestuur-en-beheer of die betrokke kringbestuurder in die distrik.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** A MEYER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2024-09-18


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement